

6 April

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 6:18–42 (NAV)

Elkeen wat in Jesus glo, 'n tempel van God

Die inwyding van die tempel was sekerlik een van die hoogtepunte in Salomo se lewe as koning van Israel. Eintlik was dit die hoogtepunt van die geskiedenis van Israel in die Ou Testament, omdat dit 'n eeu-oue droom was wat uiteindelik n werklikheid geword het. Dawid het baie lank gedroom en allerlei planne beraam om vir die Here 'n huis te bou – 'n ereplek vir die God van Israel. Ons Skrifgedeelte beskryf die besef van Salomo dat hierdie veel meer is as 'n blote menslike prestasie. Dit is asof hy skielik onder die indruk kom van die werklike implikasie daarvan dat God hom nie net toegelaat het om die tempel te bou nie, maar ook die mannekrag en materiaal so ryklik voorsien het.

God het gekies om sy woonplek onder mense te kom maak (vs 18). Geen aardse gebou kan egter ooit goed genoeg wees om die majesteit en magtige teenwoordigheid van die Here te bevat nie. Tog het God gekies om hier reg onder sy mense te kom woon. Salomo is skielik diep onder die indruk van die swakheid en die nietigheid van die mens. Geen mens is bo sonde verhewe nie, en enigiemand kan daartoe verlei word. Maar hierdie aksie van God oortuig Salomo daarvan dat vergifnis altyd by God te vind is, en dat God nooit die berouvolle sondaar sal wegwys nie. Hy besef egter ook dat dit slegs deur die krag en genade van Bo is waardeur die mens staande kan bly teen die aanslae van die Bose. Daarom smee hy ook die Here om hom en die hele volk hierin by te staan.

Elke aspek van Salomo se gebed tot God kom uiteindelik tot vervulling in die koms van Christus na die aarde. Jesus Christus kies om onder ons mense te kom woon. Hy word Immanuel – God met ons. Hy kom rig sy tempel in ons harte op. Juis daarom, wanneer Jesus verwys na die betekenis van sy kruisdood en opstanding, dan praat Hy van die tempel wat afgebreek word en in drie dae weer opgebou word. Hiermee verskuif Hy die sentrum van die geloof van 'n gebou na Homself as Persoon. Nou ontmoet God en sy volk nie meer in die tempel nie, maar in Jesus Christus. Dit bring ons ook onder die indruk van die geweldige liefde en genade in Jesus Christus. Wie van ons is immers goed genoeg dat God in ons sal woon? Tog kies Hy om dit deur Jesus te doen. Deur sy kruisdood en opstanding is die skeiding wat die sonde tussen ons en God gebring het, vernietig. Ons kan ook die gebed van Salomo bid, maar dan nie oor 'n gebou nie, maar oor onself as tempels van God. Ons kan en moet bid vir God se daaglikse leiding in ons stryd teen die sonde. Ons kan en mag bid vir God se beskerming en sorg. Salomo vra hierdie dinge op grond van God se beloftes aan Dawid. Ons mag al hierdie dinge vra op grond van die soenverdienste van ons Here Jesus. En uitsien na die volle vervulling van God se beloftes van 'n woonplek by Hom tot in ewigheid.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds WGM Kotze (Rooihuiskraal)